

# TYGERBERG

SENDING WEEK 2019

*PS 67: 1-2 Mag God ons genadig wees en ons seën, mag Hy sy aangesig by ons laat skyn! Sela*

SODAT die mense op aarde u weg kan ken, onder al die nasies u heil. Greg Laurie het gesê “Jesus het nie gesê die hele wêreld moet kerk toe gaan nie, maar wel gesê die Kerk moet na die hele wêreld gaan.” Hand 1:8 ...”en julle sal my getuies wees in Jerusalem SOWEL as in die hele Judea en Samaria en tot aan die uithoeke van die aarde” Dalk dink jy. Dit is nie op my van toepassing nie. Of ek is oud, het ‘n gesin om te ondersteun, of ek het ‘n gebrek of mediese toestand. Jesus het nie hierdie opdrag aan ‘n beperkte groep mense of ‘n uitverkore volk gegee nie. Hy het hierdie opdrag aan dissipels gegee. Beskou jy jou as ‘n volgeling van Jesus? Dan is hierdie opdrag vir jou “Gaan dan heen, maak dissipels van al die nasies” – Matt 28:19 As jy dan nie fisies self kan gaan nie, kan jy dit ten minste moontlik maak vir ander om te gaan deur jou gebede en finansiële ondersteuning. Ons maak nie die verkondiging van die evangelie tot aan die uithoeke van die wêreld ons prioriteit nie. Ons is gemaklik in ons eie omgewing en in ons eie gemaksone. Die kerk is nie ‘n aftree oord nie. Ons kan bekend staan as Christene weens die dinge wat ons nie doen nie en waarvan ons ons weerhou, maar in die vroeë Kerk was die Here se mense juis bekend as Sy volgelinge weens die dinge wat hul wel gedoen het. Die kerk is ‘n werwingsagentskap van waar ons uitgestuur word om die Blye Boodskap van Verlossing te verkondig. God het nie ‘n leer nodig nie, net gehoorsaamheid. God het vir Gideon gesê om te gaan in die krag wat hy het, want se HY “ IS DIT NIE EK WAT JOU STUUR NIE”- David Livingstone het gesê hy het alles gewaag op die volgende woorde en is nooit teleurgestel nie “ En kyk, Ek is met julle al die dae tot aan die voleinding van die wêreld, Amen”- Matt 28:20



missions-expo.co.za

25 AUGUST 11:30-16:00



*Liene EGK Tygerberg,*

## Africa For Jesus

Ons familie (Pieter, Keila, Jon en Jaime) het in die begin van 2011 vanuit Kimberley na Lesotho getrek. Ons is tans gevestig in die Malea-lea Vallei. Africa for Jesus word deur myself, Pieter, en met die hulp van my medewerkers, bestuur. Wat as 'n klein sendingskool begin het, het stelselmatig gegroei tot die Malea-lea Youth Care Centre.

Ons het begin met gebedsgroepe en dissipelskap opleiding, met 'n spesifieke fokus op sendingwerk. Vandag het die bediening 'n kerk geplant en Bybelstudie groepe in vyf gemeenskappe begin, met die oog daarop om die Evangelie aan die gemeenskappe voor te stel.

### Ons Missie is:

- Om opgeleide dissipels terug te stuur na hulle gemeenskappe, gereed en toegerus om hulle roeping te vervul.
- Om kinders, jongmense en ook jong herders, toe te rus met verskeie vaardighede sodat hulle lewenskwaliteit kan verbeter en hulle hulself kan onderhou.
- Om saam met bestaande organisasies en bedieninge te werk in die strategiese plasing van gegradeerdes ten opsigte van Globale Sending.

Ons nooi julle hartlik uit na Malea-lea! Kom deel in ons bediening en kom werk saam om siele vir Sy Koninkryk te wen.

Seënwense,  
Die Mierke familie  
Koste beloop ongeveer R2500pp.  
Kontak asb vir Derik Strauss as u graag wil saam gaan.

straussauto@telkomsa.net  
084 408 6434



# PROGRAMME

MISSIONS

## WEEK

**18-25 AUGUST**  
C/O UYS KRIGE & DEODAR STREET  
LOEVENSTEIN  
ENQUIRIES: IAN COETZEE

**2019**  
EVANGELIES-GEREFORMEERDE  
KERK  
082 325 1569

Sunday 18 August

**9:45 IAN COETZEE**  
**18:00 GERRIE COETZER (SAAWE)**

Friday 23 August

**18:45 MOVIE**  
**THE LEAST OF THESE**

Wednesday 21 August

**19:00 TESTIMONIES FROM**  
**SEVERAL MISSIONARIES**

Sunday 25 August

**9:45 JAN COETZER (OM FRANCE)**  
**18:00 GARETH BOLTON (OM UK)**

Most of these  
sermons/ presentations  
will be hosted in Afrikaans

## INHOUDSOPGAWE

1. Mosselbaai – Ds Johan & Marietjie Boshoff	02
2. Brasilië (Amazone) - Glen & Corina Buys	03
3. Mosambiek (Nhamau) - Charl & Annetjie Cilliers	05
4. OM Pretoria - Hanri Coetzee	06
5. OM Frankryk (Toulouse)- Ds Jan & Marietjie Coetzer	07
6. Kuilsrivier Plase – Manie De Villiers	08
7. Japan – Elmar & Nadine du Rand	09
8. Athlone – Ds Frans Geldenhuys	10
9. Papua New Guinea – Lourens & Marie Laureti	12
10. Kweekskool - Loedolff van der Merwe	14
11. Namibië (Rundu)– Andre & Manda van Niekerk	14
12. Namibië (Suide)– Ds Awie & Marian van Wyk	15
13. Diensgeleenthede in God se Koningkryk	18
14. Begroting	23
15. Finansies	24
16. Geloofsoffer	24
17. Vervolging onder Christene	25
18. Kaart – Geslote lande	26
19. Kaart	26
20. Sendelinge kontakblad	27
21. Sending Organisasies kontakblad	28



### DS JOHAN & MARIETJIE BOSHOFF

#### Mosselbaai

Liewe Sendingvriende

Tyd is so kosbaar maar vlieg ook so vinnig verby en maak dat ons baie keer tot stilstand geroep word in die haastige lewenspatroon en net terugkyk. Genade dra ons dag na dag. Dit is vir ons 'n groot jaar, 30 jaar in diens van die Here as geroepenes waar 25 jaar daarvan as Sendelinge regoor Suid Afrika, Namibië, Botswana, Lesotho en ook 'n uitreik in Madagaskar. Jan 1984 begin Teologiese Opleiding, 1988 Praktiese jaar in Bethal en 15 April 1989 is Johan georden in Pretoria Noord (Maranata), 1990 het ons Werkkring in Akasia (Pretoria Noord) begin, na 6 maande roeping ontvang Rustenburg toe en November 1994 is ons uitgestuur as Sendelinge in diens vir die Here. November 2019, vier ons dus 25 jaar diens as Fakkeldraers van die Woord. Ons dank die Here vir die tyd waarin Hy alleen ons deurgedra het.

In 'n neutedop, ons eerste uitreik was Dwaalboom Julie 1994, toe ons nog in die bediening in Rustenburg was. Daarna het talle uitreike, opelugdienste, straatdienste, Sondag Eredienste begin. Oos Transvaal - Cuningmore, Bosbokrand, Mbonisweni en ook in die Transkei, Kentani en Mazeppabaai, Mamitwa (Tzaneen) In die

Oos Kaap, Port Elizabeth, Graaff Reinet, Willowmore. Gereeld een keer per jaar in Namibië, Rundu. Vanaf 2004 tot 2010 een week per maand werksaam in Lesotho, eers Moteng area tot 2009 en Nov 2009 en 2010 Peka area. Junie 2011 verhuis ons na Mosselbaai waar ons vanaf Aug 2011 tot Desember 2013 vir 3jaar elkeen een keer per week op die Gemeenskaps Radio 5 tot 6 uur geleentheid gehad het om die Woord te bedien en ook 'n Selgroep hanteer, asook een aand in die week Bybelstudie en elke Sondag Erediens. Marietjie het ook Sondae en Dinsdae gereeld bedien by Ouete huise en Care Centres.

Ons het ook 2014 betrokke geraak by Arbeidsbediening (Besighede word besoek op 'n tyd deur Eienaar of Bestuurder bepaal hetsy voor werk of etenstyd) tans besoek ons 3 Besighede elke Donderdagoggend. Ook het die nood by Boere ontstaan vir hulle werkers om die Woord te hoor en is via Arbeidsbediening vir Johan gevra om die taak aan te pak en tans besoek ons een week Dinsdae, plase in Vleesbaai, Woensdae plase in Ruitersbos en Brandwag en die ander week Woensdae plase in Kleinberg en Herberdsdale wanneer in Herberdsdale bedien Johan ook by die Laerskool Koshuis vir die kombuispersoneel.

Johan is ook aangestel as Geestelike werker by die Mosselbaai Gevangenis 2014, jongmanne van die ouderdom 16 tot 24 word bedien met Woord deur middel van Heartline kursus wat sekere aspekte o.a. 2de kans, vergifnis, medelye, verantwoordelikheid en ander sake aanraak. Die kursus strek oor 10 weke en word daar geestelike gesprekke met die groep wat uitgesoek word gedoen juis voor die kursus om meer te weet oor omstandighede en ook na dit om die erns van die kursus aan te spreek.

Ons het tans 'n Huiskerk, elke Sondag (sowat 16 siele) in Herberdsdale wat

ontstaan het uit die Plaasbediening. Ons dank ons Hemelse Vader vir krag en sterkte en voorsiening. Ons kan ook nie anders as om ons getroue Sendingvennote en gebedsvriende te bedank vir hul volgehoue ondersteuning.

Ons sien uit na die week daar saam met julle. Seën

Ds Johan en Marietjie Boshoff  
Aksie Lewensbrood (Joh 6:35)  
Voltyds in Bediening:  
Projek Samaria – met Aksie 1:8 as Tuisbasis

Johan 082 926 7412  
Marietjie 082 556 0494  
Huis 044 698 1673

Epos adres: mm61@gmail.com  
Posbus 10750, Danabaai, 6510

Standard Bank, JC Boshoff  
Tjek rek, 021297134  
Key West Tak, 015841



## GLEN & CORINA BUYS

*Brasilië (Amazone)*

Ons is veilig in Manaus, die groot stad aan die oewer van die magtige Amazone rivier. Ons klim hier op die boot 'Lady Louisa' Vrydag 9 Augustus. Dan is dit 'n 3,5 dae vaart stroomop op die 'Rio Negro' oppad na ons klein dorpie 'Sao Gabriel da Cachoera' waar ons bly. Dit is vanaf hierdie klein dorpie wat ons beweeg met kanoës na die twee stamme waaronder ons werk en evangeliseer. Dit is naby die grens van Venesuela.

Bid asseblief vir ons dat die Here ons sal help om ons weer te vestig en 'n nuwe huurhuis te kry. Ons moet weer in Oktober stad toe kom om "Policia Federal" toe te gaan vir ons Brasiliaanse ID kaarte. Dis nou 'n nuwe verpligte stelsel in Brasilië sedert 2018.

Bid asseblief vir ons om deur al die dinge te kom en die heraanpassing hier, dat ons ons fokus sal hou op Jesus en Sy saak; Om deurentyd siele te soek en Sy Koningkryk uit te brei.

Glen, Corina, en kiddies!





## CHARL & ANNETJIE CILLIERS

*Mosambiek (Nhamau)*

In Januarie hierdie jaar het die Here vir ons deure oopgemaak om steeds in Mosambiek in Inhambane omgewing te bedien. Ons moes ons verblyfpermitte in Januarie hernu. Ons het nog nie ons permitte ontvang nie, maar is hoopvol dat dit wel uitgereik sal word alhoewel die regering dit al hoe moeiliker maak vir sendelinge in Mosambiek. Intussen het die verblyfpermitte vanaf 19,200.00 meticais (ongeveer R5000.00 per jaar per persoon) verhoog na 33,760.00 (ongeveer R8000.00 per jaar per persoon) wat dit saam met ons voertuig se invoerpermit en verpligte derdeparty versekering jaarliks baie duur maak om in Mosambiek te bly. Dan is daar nog kostes van tolke by Immigrasie, admin kostes ens. wat op n aansienlike bedrag uitloop elke jaar.

Die Here is getrou en het nog altyd vir ons voorsien maar ook deur omstandighede duidelik leiding gegee.

I [the Lord] will instruct you and teach you in the way you should go; I will counsel you with My eye upon you.

Be not like the horse or the mule, which lack understanding, which must have their mouths held firm with bit and bridle, or else they will not come with you.

Psalms 32:9

Ons ervaring sover hierdie jaar is dat ons moet aansluit waar die Here reeds besig is om te werk en sensitief te wees vir die stem van die Heilige Gees. Ons het baie planne gehad vir die jaar maar tog was ons versigtig om nie iets uit ons eie te doen nie en duidelik het die Here daagliks gelei om die wat Hy stuur en wat ookal oor ons pad kom te bedien in ons onmiddellike omgewing asook heelwat verder vanwaar ons huidiglik woon. So is ons ook gelei om in die sikloon geteisterde gebied te gaan help en is die plan ook dat ons in September daar betrokke sal wees soos die Here lei. Charl is ook reeds deur 2 verskillende persone genader om Farming God's Way te gaan aanbied. Dit is sy passie en soos julle weet is dit gebaseer op die suiwer Evangelie.

Ons visie is steeds evangelisering en opleiding in die Villages. Ons dink daaraan om ons huurhuis die einde van die jaar op te gee en in ons offroad karavaantjie in die villages te bly. Ons kan dan ook die R3,500 wat ons maandeliks vir huur betaal eerder gebruik vir ons bediening. Bid asb. saam met ons en as die Here iets op julle hart lê neem asb vrymoedigheid om terugvoer te gee. Ons waardeer julle wysheid en insig.

Hiermee wil ons ook aan die Tygerberg Gemeente ons waardering en opregte dank uitspreek vir julle getroue ondersteuning en daadwerklike bydrae in God se Koninkryk en ook die opregte belangstelling in ons persoonlike wel en weë wat n groot bydrae lewer in ons volharding in die sending roeping wat in ons harte brand.

...WANT ons is medewerkers van God; die akker van God, die gebou van God is julle. I KORINTHIËRS 3:9 AFR53

Aan God die Eer en Heerlikheid  
Charl en Annetjie



## HANRI COETZEE

*OM Pretoria*

Dis nou al 'n jaar en 8 maande dat ek op Operasie Mobilisasie (OM) se opleidings basis (Missions Disci-pleship Training –MDT) is. Die eerste 5 maande het ek my eie opleiding ondergaan, waartydens die Here my hart aan die brand gemaak het vir die Afghan mense. Dadelik wou ek my goed wat en gaan, want dis mos in die Bybel, Markus 16v15 is maar net een van die skrifte wat lees: “Gaan die hele wêreld in en verkondig die evangelie aan die ganse mensdom.”, en dis wat die Here van ons verwag. Maar die Here rig my voetstappe, al het ek my eie planne... So het dit toe gekom dat ek aanbly as leier op die basis, iets wat ek myself NOOIT sien doen het nie.

Wow Here, ek? Hoe verwag U dat ek, wat skaars met mense kan praat, nou in so 'n posisie moet wees?

Daardie vraag het ek gevra nog voor ek bevestiging van die Here gekry het om te bly...en Hy het meer as 'n jaar gevat om my te antwoord. Of miskien het dit my net meer as 'n jaar gevat om te luister. Hy het my nou onlangs, in die afgelope twee weke na die laaste span klaargemaak het, kom wys hoekom Hy die opleidings basis my sendingveld gemaak het vir hierdie seisoen. Ek is 1 mens. Net 1. En ja, al is ek net 1 gaan Hy my nog baie gebruik vir die uitbreiding van Sy koninkryk. Maar vir nou, vir nou het ek die goue geleentheid om 'n Jesus-impak

op 20+ jong-mense se lewens te hê, elke 6 maande 'n nuwe groep. Om hulle my gebroke hart vir die onbereikte mense te wys, en so ook hulle harte wakker te maak vir die opregte nood daar buite. Want glo my, baie van dié jongmense kom doen net die opleiding as deel van hul “gap year”, waarna hulle gaan swot en werk. Ek self, toe ek hierheen gekom het, het nie die werklike nood van onbereikte mense geken nie.

Soos ek vroeër genoem het, het die Here my hart kom roer vir die Afghan mense. En sedert daardie tyd bid ek vir hulle. Hoe ek met hulle te doen gaan kry weet ek nou nog nie, en dalk wil die Here net hê ek moet spesifiek vir hulle bid. Ja, Hy doen dit ook soms. Daar is baie maniere om spesifiek vir die onbereikte mense-groepe te bid, en die Joshua Project het 'n “Unreached of the Day” app wat daagliks inligting gee oor mense-groepe wat ek self maar nou eers van leer. U sal nie spyt wees om saam met 100de ander mense wêreldwyd te bid nie.

'n Passie wat die Here in my hart kom wakker maak het, is om Rampverligting (Disaster Relief) werk te doen. Dit behels die redding van lewens, om menslike lyding te verlig en die ekonomiese en sosiale impak van humanitêre noodgevalle wêreldwyd te verminder. En daar is daagliks noodgevalle, so baie waarvan ons nie eens bewus is nie.

Daar is opleiding wat ek kan doen saam met OM, en dit is die Disaster Response Training, wat 'n intensiewe, simulation-based opleiding is wat die raamwerk van disaste relief vir mens leer. OM International Disaster Relief is aktief betrokke in Griekeland, Serbië, Masedonië, en talle ander lande in Asië, die Midde-Ooste en Suid-Amerika - orals waar 'n OM veld hulp nodig het. En in jou geslote/vervolgde lande (Creative Access Nations – CAN) is dit belangrik om op

kreatiewe maniere die Here se goedheid en liefde uit te leef. Jou lewe is jou getuie. Want jou woorde kan nie wees nie.

En so het ek besef dat, maak nie saak hoe ons planne maak nie, wanneer jy 'n lewe van onderdanigheid aan die Here leef, niks verseker is nie. Dinge verander in 'n oogwink. Hoe wonderlik om so uit Sy hand te leef!

Liefde, Han



## DS JAN & MARIETJIE COETZER

*OM Frankryk (Toulouse)*

Want die blydschap van die Here, dit is julle beskutting! Neh 8:11b

Liewe Vriende, ons vertrou dat dit met u almal baie goed gaan. Gegroet uit Toulouse te midde van n baie warm somer. Verlede week is hier 'n hittegolf gewees en het ons behoorlik uitgebraai. Die somervakansie het aangebreek en skole is gesluit vir 2 maande. Die werk gaan nietemin voort.

**Empalot kerk:** Bid asb dat die Here hierdie gemeentetjie sal gebruik as Lig in die omgewing. Die kerkgeboutjie is baie klein en reg langsaan is 'n groter plek beskikbaar. Ons vertrou die Here om die plek te kan koop. Bid asb saam dat Hy sal voorsien!

**Castres:** Die gemeente het 'n gebou gekry om dienste in te hou en het ook onlangs goedkeuring van die munisipaliteit ontvang om publiek te akkomodeer. Dank die Here saam vir Sy voorsiening. Bid ook asb dat hulle sal groei en 'n groot impak sal hê in die omgewing.

### **Al Massira:**

Bid dat die Here hierdie bediening sal gebruik van krag tot krag. Jan het saam met 'n paar ander verlede maand 'n opleiding aangebied in Parys. Bid asb vir groot vrug.

**Franse klasse:** Alhoewel dit skoolvakansie is het ek besluit om voort te gaan met die klasse tot die einde van die maand. Verlede week het 'n Iranese vrou en haar seuntjie van 12 jaar by die klas aangekom. Sy was toe net 'n week in Toulouse en op straat. Ek ken nog nie haar storie nie, maar ek kan die hartseer in haar oë sien. Een van die studente het haar en die seuntjie ingeneem in haar eenmanwoonstelletjie, anders was hulle steeds op straat. Bid asb vir haar en die kind. Hulle was 6 maande in Duitsland toe hulle hierheen "gepos" is. Sy moet nou 'n nuwe lewe vir haar en haar seun begin. My hart breek vir die mense. Bid asb dat hulle elke oomblik van die dag bewus sal wees van Jesus se Ewige hand onder hulle.

### **TREK NA CASTELNAUDARY:**

Soos vertel in ons vorige briefie, het ons die uitnodiging van die kerkie in Castelnaudary aanvaar as predikantspaar en is ons besig met pakkery vir die trek. Bid asb saam vir die trekkery asook vir iemand om oor te neem by die klasse. Indien niemand kom nie sal ons een keer per week Toulouse toe kom en die klasse doen en kontak hou met die groep.

Baie dankie vir u getroue ondersteuning. Saam met u in diens van die Koning.

Groete,  
Jan en Marietjie.



## MANIE DE VILLIERS

*Kuilsrivier Plase*

Plaasbediening Verslag 2019

Plaasbediening. Betrokkenheid van ander Kuilsrivier –denominasies al dan nie.

### **Algemeen**

Alhoewel daar altesaam 31 plase aan weerskante van die Bottelarypad bestaan, is slegs die VG Kerk en die Appostelkerk betrokke by die kerk op die plaas Groenland. Op die plaas Welgevonden bestaan daar ook 'n Appostelkerk en dan ook ons eie kerk, wat 11 plase bedien. Alhoewel daar 4 NG Kerke is en die plaaseienaars lidmate is van dié kerke, was geneen van hierdie kerke se lidmate ooit oor die afgelope 18 jaar betrokke by Woordbediening aan Plaaswerkers van een van die plase aan die Bottelarypad nie. Daar heers tans groot blydschap by ons byeenkomste oor Talita Clarck se toevoeging tot ons Plaasbedienings-komponent. Bywoningsgetalle styg omtrent by elke samekoms sedert haar inskakeling m.i.v. Julie 2019

**Groenland:** Die Groenland Plaas-bediening gaan nog voort, behalwe dat ons nou op Dinsdagmiddae byeen kom a.g.v. veranderinge te Welgevonden-kerk a.g.v. die baie huiswerk wat Hoërskool leerlinge deesdae ontvang, vind hulle dit al hoe

moeiliker om die Kinderkrans-samekomste by te woon. Die kinders by hierdie plaas is oor die algemeen baie lief vir bybelstudie en gebed. Hulle is nooit skaam om voor die anders kinders of grootmense teenwoordig, te bid nie. Hulle word aangemoedig om dit ook by die skool in groepies en in die klaskamer te doen. Die kinders het oor die algemeen 'n groot liefde vir tekenwerk en ons gee gereeld tyd vir die inkleur van bybelverhaal -inkleurprente Groenlandkerkie beskik tans oor 'n goeie klankstelsel vir sangbegeleiding sowel as 'n groot TV sodat ons ook ingerig is om DVDs te vertoon. Ons het ook 'n netbal paal opgerig sodat hul daar kan oefen met die bal wat ons kon aankoop. Ons ontvang gereeld baie goeie kinderklere en speelgoed van ons lidmate en andere. Die baie skryfbehoeftes, veral die penne en inkleurpotlode word besonder hoog waardeur deur die kinders en ouers. Ook die eetgoed wat na die byeenkoms uitgedeel word, maak die gemeenskap bewus van die feit dat ons waarlik 'n omgee-gemeente is. Nogmaals baie dankie vir gebede, finansiële ondersteuning van die kerkraad en skenkings, waaronder die plasebedienig baie moeilik sou kon bestaan.

### **Welgevonden-Plaas bediening.**

Ons kerkie te Welgevonden word omring deur 11 ander plase en nog meer huise en kelders is in daardie omgewing in aanbou, wat hopenlik meer geleenthede sal skep vir werkloses. Ons kerkie se lidmate kom dus van 12 verskillende plase geleë aan die Fisherpad wat 'n afdraaipad is van die Bottelary-pad. Die plaas Welgevonden, waar ons kerkie geleë is, sowel as 'n ander naby geleë plaas, is vroeër hierdie jaar aan 'n Chinese sakeman verkoop. Die plaas word intussen deur 'n plaasbestuurder bestuur. Die plaas se geboue-kompleks, wat dan die kerk insluit, is onlangs met sekeriteitsomheining toegespan, tesame met sluitbare hekke. Die goeie nuus is dat

daar geen inbrake verder verwag word nie. Die slegte nuus egter is dat al die hekke van Vrydagmiddae tot Maandag-môre gesluit sal bly. As gevolg van dié nuwe reëling was dit vir ons nodig om ons Vrydagmiddae aktiwiteite te verskuif na Woensdagmiddae. Dié nuwe reëling werk baie goed en het dit, tesame met die aankoms van Talita Clarck, ons bywoningsyfer van 24 na 41 laat opskuif. My skouervervanging-operasie op 2 Augustus, 2019, glo ons, was net 'n tydelike onderbreking van werksaamhede en beoog ons die begin van heelwat meer aktiwiteite waarby ons, veral, ons jeug by wil betrek. Ons eerste groot aktiwiteit vind dan plaas aan die begin van Oktober wanneer ons weer sowat 35 laerskoolkinders, en jonger, na ons kerk aanry om hulle hier op ons speelterrein te onthaal. Hierdie groot gewaardeerde aktiwiteit word die afgelope jare alreeds deur Soretha Coetzee, 'n lidmaat, geborg en gefinansier. Ek wil weereens ook graag 'n paar vroue-aksies hartlik bedank vir al die kinderklere, komberse en kinderspeelgoed ens wat hulle vir die plaaskinders insamel. Die kinders waardeer dit so opreg.

Nogmaals baie dankie aan die gemeentelede vir hulle volhardende gebede en ondersteuning van al die werksaamhede op verskillende plase.

Groete in Jesus

Manie de Villiers  
071 132 1662

## ELMAR & NADINE DU RAND

### Japan

Konnichiwa! Die afgelope paar maande het Psalm 119:105 besonders baie vir ons beteken. Ons lewe hier in Japan is baie lekker en werklik geseënd, tog ervaar ons ook elke dag uitdagings. Te midde van

hierdie uitdagings vind ons gereeld bemoediging, troos en hoop vanuit die Woord van God, waarsonder ons nie vrugbaar hier in Japan sou kon wees nie. Ons kan alleen maar eer aan die Here bring.

Die afgelope maand was gevul met taalstudies, teologiese studies en wonderlike geleenthede om vriendskappe te bou. 'n Kosbare eienskap van die Japannese kultuur is hul ongelooflike vrygewigheid. Ons beleef hierdie vrygewigheid op 'n gereelde basis. Ons het twee tweetalige Bybels as geskenke van Kiyoko-san ontvang. Ons het al in vorige nuusbriewe van haar vertel. Sy is 'n ware steunpilaar en hulp hier by die Kweekskool. Hierdie Bybels maak dit nou moontlik vir ons om elke oggend by die biduur en kerkdienste ons Japannees te oefen deur saam in die Bybel te kan volg en te kan lees.

Mami-san, is 'n jong lidmaat hier in ons gemeente in Kita Kobe. Sy het 'n Sondagmiddag, na kerk, by ons kom middagete eet. Sy het onlangs verloof geraak aan 'n jong Christen man. Ons kon lekker saam gesels oor die huwelik en ons ervaring met haar deel. Mami-san het ons na haar troue, wat die 5de Oktober 2019 plaasvind, genooi. Ons sien baie daar na uit om haar spesiale dag by te woon.

Die Christen-bevolking hier in Japan is baie klein, wat beteken dat die kerk baie min lidmate het. Ten spyte van die kleinheid van die kerk, is elke lidmaat baie toegewyd. Dit is regtig 'n baie groot bemoediging om te sien hoe elke lidmaat sy rol vervul binne die funksionering van die gemeente. Twee keer 'n maand eet ons hier by die Kita Kobe gemeente almal saam. Hierdie geleenthede bied tyd van gemeenskap onder die lidmate en ons beleef dat elkeen dit baie geniet om saam met ander Christene te wees, omdat Japannese Christene in verskeie omstandighede omtrent altyd in die minderheid is.

Ohara-sensei (ons Japannese juffrou) het ons Vrydag die 28ste Junie na 'n Soba (Japannese noedel) kookklas genooi. Die klas vind een keer 'n maand plaas en word aangebied deur 'n groep afgetredenes. Ons het albei ons eie handgemaakte Soba-noedels gemaak en ons kon dit vir middagete geniet. Die ooms en tannies was baie verbaas dat ons twee jongmense belanggestel het in hulle klas. Een van die ooms was nog meer geskok toe ek (Nadine) vir hom gesê het, "ek dink ons jongmense kan baie by die ouer generasie leer en dat ons dit baie geniet om tyd saam met ouer mense te spandeer". Hierdie tipe byeenkomste is van groot waarde vir ons bediening hier in Japan, omdat dit vir ons geleentheid bied om die vertroue van die Japannese te wen en vriendskappe te bou.

Maandag die 1ste Julie tydens ons Japannese klas by Sanda, het 'n groep skoolkinders ons klas bygewoon. Ons het die geleentheid gehad om vir hulle meer te leer oor Suid-Afrika. Elmar het vir hulle 'n oulike video oor SA gewys. Hulle het baie vrae oor SA gehad en dit was vir ons baie lekker om elke vraag te beantwoord. Ons belewenis van hierdie geleentheid was baie positief. Dit was 'n gulde geleentheid om ons land hier in Japan te kon verteenwoordig.

Ons gebed is dat ons gesindheid teenoor elke kind werklik 'n impak sou gemaak het vir die Koninkryk van God. Ons gesindhede en dade spreek duideliker as enige Japannees wat ons op hierdie stadium kan praat.



**Gebedsversoeke**

**Taalstudies**  
(Bid asb. dat ons goeie deursoettingsvermoë en begrip sal hê.)

**Ons families**  
(Ons kommunikeer gereeld met hulle en ons ervaar dat hulle baie na ons verlang.)

**Somer in Japan**  
(Die somers in Japan is geweldig warm en die humiditeit is baie hoog.)

**Ons finansies**  
(Bid asb. dat ons elkemaand ons maandelikse uitgawe sal kan dek.)

**Ons passie vir Japan**  
(Bid asb. dat ons liefde vir die Japannese nasie sal groei.)

**Ons Teologiese Studies**  
(Bid asb. dat ons sal groei in ons kennis en liefde vir die Woord.)

**Anders sendelinge in Japan**  
(Bid asb vir Stephan, Carina en hul gesin, Gys en Linda en hul gesin asook baie ander sendelinge wat hier in Japan hul lig vir Jesus laat skyn.)

## DS FRANS GELDENHUYS

### Athlone

#### Hanoverpark:

Hanoverpark is deesdae voortdurend in die nuus weens die buitensporige toename in bendegegewel wat tot die dood van al meer as 2500 mense in net 9 weke gelei het. Selfs met die huidige teenwoordigheid van die S.A. Weermag sterf daar gemiddeld 27 mense oor naweke! Deur die genadige beskerming van onse Here het nog nie een van ons EGK-lidmate gesterf nie, alhoewel 'n dwaalkoeël amper een van ons ouderlinge in hul woonstel getref het. Baie keer moet lidmate koes en kruip om by hul woonplekke uit te kom weens die oor-en-weer skietery. Die bywoning van ons eredienslede het baie verbeter, veral onder die kinders - van die jongste tot die oudste toe. Ons laat die kinders die kollekte opneem, vanaf 3 - 4 jaar af. Tydens ons erediens ruim ons ook tyd vir GEBED in sodat ons gesamentlik die Here kan vertrou vir 'n kragtige deurbraak (=herlewing) waarsonder daar geen hoop en toekoms vir

Hanoverpark en omgewing is nie.

#### Fraserburg-VGK:

Die dringende behoefte om hier dienste te hou voor Pinkster 2019, het nie gerealiseer nie agv die selfsugtige toedoen van persone wat self alle dienste wou waarneem. Ons hoop om hopelik tydens September 2019 wel 'n reeksdienste te hou vir (veral) die kinders van God, nou dat die 'struikelblok' weg is. Intussen probeer ons kontak hou met die mense hier d.m.v. telefoonoproep, geestelike literatuur en voorbedding.

#### Vanwyksvlei-VGK:

Ons behou ook hier kontak met die gemeente d.m.v. literatuur, oproepe ens. Ons het sedert ons besoek daar in 2018 selfgestelde Bybelse studiemateriaal aangaande die doop aan hul gestuur en vertrou hulle is nou beter toegerus daaromtrent.

#### Nieuwoudtville-VGK:

Dit gaan geestelik beroerd in hierdie gemeente. Die Kerkraad funksioneer nie onder die leiding van die Heilige Gees nie. Deur die Here se genade is 'n aan-die-brand kind van God onlangs bevestig as ouderling in die kerkraad. Ons glo dat hierdie flinke persoon met sterk leier-eienskappe baie in die Here se diens vir Hom gaan bereik. Ons het in Mei 2019 'n klomp geestelike boeke aan die mense daar voorsien.

#### Brandvlei-VGK:

Die deur na Brandvlei het vir ons uiteindelik oopgegaan. Die gemeente het baie geriewe soos 'n goedgeboude pastorie, kerkgebou en saal. Weens tweespalk in die kerkraad oor 'n omstrede en werklose leraar en die bedanking van kerkraadslede en kliek-vorming - glo ek - het dit die atmosfeer en so ook die bywoning van dienste erg geknou. Nogtans - die Here was getrou en siele het na die Here gekom, veral onder bejaardes tydens besoekwerk. Die kinders van God het baie baat gevind deur

(veral) die boodskappe spesifiek vir hulle. Die gemiddelde diensbywoning was ongeveer 40. Ons kon in die kort tydjie van 'n totaal van 21 uur ongeveer 58 mense tuis besoek. Soos die meeste plattelandse dorpe in die Noord-Kaap is daar geweldige morele verval onder die mense. Die meeste jongmeisies het een of meer buite-egtelike babas. Werk is skaars. Drankmisbruik seëvier weens die "all-pay"-stelsel van die regering. Daar is ook selfs dwelms. Ons behou kontak met die leier- en onderleierouderlinge aan wie ons geestelike literatuur stuur vir verdere verspreiding.



#### Ander geleentehede:

Bo en behalwe die voorreg om Sondae die Woord te bedien in ons eie gemeente het ons sover vanjaar ook by twee geleentehede van die AEB opgetree.

Ten slotte is ons die Here baie dankbaar vir EGK-Tygerberg vir hul volhardende voorbedding, ondersteuning, en skenkings in die vorm van linne en beddegoed wat ons weer kon versprei onder ons mense. Mag ons almal volhard in die Here en Sy diens, want Hy sê in 1 Kor 15:58 "omdat julle WEET dat julle arbeid in die Here nie tevergeefs is nie."

Die uwe in Christus Jesus  
Frans Geldenhuys en vrouliet



## LOURENS & MARIE LAURETI

*Papua New Guinea*

#### HI FRIENDS.

We are getting ready to go back to Papua New Guinea soon, for the next term. A term would mean about 2 years for us, as we are needing to settle Naomi back into our home country in 2021. So what are the next 2 years looking like for us?

When we return, we will take 6 months to evaluate our church plant and what our role will be within the Mengen church and also dialogue with other mature church leaders about possibly partnering with them. I will also work on some revisions in our curriculum, to try and get that ready for

Simon and our Mengen leaders to use. As you know we have completed our New Testament translation and I might work on preparing the Old Testament portions for checks. If we decide to partner with the national leaders then my role will be to focus on finding ways to equip them to shepherd the broader church, especially in New Britain and New Ireland. I am very excited about this possible ministry as this brings us into the next level of church planting beyond the local church. Now we are starting to see these local churches partnering with each other across cultural boundaries and starting to function as one body. This strategy would involve the following:

- Traveling and building solid relationships with all the phased-out churches as well as current works in New Britain and New Ireland.

- Working with a core group of elders in evaluating the maturity and needs of these churches.

- Facilitating ways to address the needs among the churches, by having healthier churches reaching out and equipping churches with needs.

- Equipping the national church to reach out cross-culturally into new areas.

What has been accomplished?

Through God's grace and your support we have come a long way:

**1)** You have discipled and equipped us back home (1996-2004), **2)** then supported us as we went through our training in the UK (2005-2006), **3)** helped allocate us in Papua New Guinea (2006-2008), **4)** then helped allocate us in the bush amongst the Mengen (2009), **5)** then helped us learn language (2009-2010), **6)** then start literacy (2010), **7)** then teach evangelically (2010), **8)** and bring the church to maturity (2010 -

2019) 9) which included translating the New Testament, curriculum development, long term discipleship and new church plants in new areas. Through your prayers and support we today have an evangelical church planted amongst the Mengen people.

#### What is our ultimate goal?

